

APRIL: God se vernuwingstroos is onstuitbaar en geklee in heiligheid

Saterdag 13 April

Skrifgedeelte: Openbaring 4:1-11

Fokusgedeelte: Openbaring 4:2

God is volledig in beheer

Die visie wat Johannes sien, is een van ongekende troos. Hy alleen het oorgebly van die dissipels. En as 'n bejaarde is hy in gevangenskap op die eiland Patmos. Wat gaan word van die evangelie en die kerk? Wat lê voor tussen al die vervolging en vervalsing van die evangelie?

Wat Johannes sien, is dat God regeer! Die troon in die hemel is nie leeg nie. Jesus sit op die troon (vgl. Op. 5:1, 5). Hy aan wie alle mag behoort in die hemel en op aarde (vgl. Matt. 28:18). Hy bou sy kerk. Hy bewerk die geskiedenis. Hy maak deurgange van doodloopstrate! In Hom hou alle dinge stand (vgl. Heb. 1:3).

Wat nog meer heerlik is, is dat Jesus op die troon sít. As 'n koning op 'n troon sit, beteken dit Hy is in beheer. Hy word nie onkant gevang nie. Voor die troon is dit glad en helder. Niks chaos nie. Geen besoedeling nie. Geen opstand nie. Die kerk (ouderlinge) bring hulle krone voor die troon as wyse van aanbidding. Hy is waardig om al die heerlikheid te ontvang.

Sing: Psalm 48-1:1, 4, 5

Ds. WM (Willem) van der Waal (Linden)